

Kinders van die belofte



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se les:

Romeine 9

Geheeteks:

“So is Hy dan barmhartig oor wie Hy wil en Hy verhard wie Hy wil” (*Rom. 9:18*).

Soos dit geskrywe staan, “Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat Want aan Moses sê Hy, Ek sal barmhartig wees . . . , en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm” (*Rom. 9:13, 15*). Waarvan praat Paulus hier? Wat word dan van die mens se vrye wil en sy vryheid van keuse waarsonder baie min van dit wat ons glo, sal sin maak? Is ons dan nie vry om God te kies of te verwerp nie? Of leer hierdie verse ons dat sekere mense uitverkies is om gered te word en ander om verlore te gaan, afgesien van hulle eie persoonlike keuses? Die antwoord word soos gewoonlik gevind deur na die groter prentjie van wat Paulus sê, te kyk. Paulus probeer hier om God se reg aan te dui om diegene te kies wat Hy “uitkies”. Per slot van rekening, God is die Een wat die grootste verantwoordelikheid dra om die wêreld te evangeliseer. Daarom, hoekom kan Hy nie Sy agente kies soos Hy wil nie? Solank as wat God niemand die geleentheid ontnem om gered te word nie, bots Sy handeling hier nie met die beginsels van die vrye wil nie. Wat nog meer belangrik is, dit is nie ‘n teenstelling met die groot waarheid dat Christus vir alle mense gesterf het nie, en Sy begeerte dat almal gered moet word nie. Solank ons onthou dat Romeine 9 nie die persoonlike verlossing van hulle wat genoem word, aanspreek nie, maar dat hy na hulle roeping om ‘n sekere werk te doen, verwys. Dan is daar geen probleem in hierdie hoofstuk nie.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 9 Desember.*

Paulus se las

“En julle sal vir My ‘n koninkryk van priesters en ‘n heilige nasie wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Israel moet meedeel.” (Exod. 19:6)

God het sendelinge nodig gehad om die wêreld te evangeliseer, ‘n wêreld wat uit heidene bestaan het, en wat in donkerte gehul en deurweek was met afgodery. Hy het die Israëliete gekies en Homself aan hulle openbaar. Hy het beplan dat hulle ‘n modelnasia sou word en so ander nasies na die ware God toe sou trek. Dit was God se doel dat deur Sy karakter te weerspieël, Israel die wêreld na Hom toe sou trek. Deur die lering van die offerstelsel, moes Christus voor die nasies opgehef geword het, en almal wat na Hom sou kyk, sou lewe. Soos wat Israel vermeerder het en hulle seëninge meer geword het, moes hulle hul grense ver groot het totdat hulle koninkryk die wêreld sou omarm het.

Lees Romeine 9:1–12. Watter punt probeer Paulus hier maak oor die getrouheid van God te midde van die mens se mislukkings?

Paulus redeneer verder dat die belofte wat aan Israel gemaak was nie geheel en al misluk het nie. Daar bestaan ‘n oorblyfsel deur wie God nog werk. Om die gangbaarheid van die oorblyfselgedagte te vestig, gebruik Paulus Israel se geskiedenis om te wys dat God nog altyd selektief was: (1) God het nie Abraham se hele nageslag gekies om Sy verbondsvolk te wees nie, net Isak se nasate. (2) Hy het nie al die afstammeling van Isak gekies nie, net Jakob se nageslag. Dis ook belangrik om te verstaan dat dit wat jy erf, of jou afkoms, nie verlossing waarborg nie. Jou bloedlyn kan reg wees, jy kan afstam van die regte familie, jy kan selfs in die regte kerk wees, en tog verlore gaan en nie deel van die belofte wees nie. Dit is geloof, ‘n geloof wat deur liefde werk, wat die “kinders van die belofte” openbaar. (Rom. 9:8)

Kyk na die volgende sinsnede in Romeine 9:6: “want hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie”. Watter belangrike boodskap kan ons uit hierdie sinsnede vir ons as Adventiste neem wat in baie opsigte dieselfde rolle in ons tydperk vertolk as wat antieke Israel in hulle tydperk vertolk het?

Gekies

“is vir haar gesê: Die oudste sal die jongste dien. Soos geskrywe is: Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat” (Rom. 9:12, 13).

Soos dit reeds in hierdie week se inleiding genoem was, is dit onmoontlik om Romeine 9 reg te verstaan totdat jy besef dat Paulus nie van individuele redding praat nie. Hy praat hier van spesifieke opdragte wat God wil hê sekere individue moet uitvoer. God wou hê dat Jakob, die stamvader van die groep mense moes wees, wat bedoel was om Sy spesiale evangelisasie-agente in die wêreld te wees. Daar word glad nie hier geïmpliseer dat Esau nie gered kon word nie. God wou net so graag gehad het dat hy gered moes word soos wat Hy wil hê dat alle ander mense gered moet word.

Lees Romeine 9:14, 15. Hoe verstaan ons hierdie woorde in die konteks van wat ons hierbo gelees het?

Paulus praat weer nie van individuele redding nie, omdat wat die verlossingsplan betref, God se genade almal insluit, want Hy “wil hê dat alle mense gered word” (1 Tim. 2:4). “Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn” (Tit. 2:11). Maar God kan mos nasies kies om Sy verlossingsplan uit te voer, en alhoewel hulle kan weier om dit te doen, kan hulle nie God se keuse verhoed nie. Dit maak nie saak hoe hard Esau probeer het nie, hy kon nie die stamvader van die Messias of van die gekose volk van God gewees het nie. Per slot van rekening, dit was nie ‘n arbitrêre besluit van God, geen Goddelike dekreet wat Esau uitgesluit het om nie gered te word nie. Die gawes van Sy genade is vrylik deur Christus beskikbaar aan almal. Ons is almal gekies om gered te word en nie om verlore te gaan nie (Efs. 1:4, 5; II Pet. 1:10). Dit is ons eie keuses, nie God s’n nie, wat ons weghou van die belofte van die ewige lewe in Christus. Jesus het vir elke mens gesterwe. Tog het God ook die vereistes waarvolgens elke siel gekies sal word om vir ewig te lewe, in Sy Woord gegee – geloof in Christus wat die geregverdigde sondaar na gehoorsaamheid lei.

Jy was al voor die grondlegging van die wêreld gekies om verlossing deelagtig te word, net so asof niemand anders eers bestaan het nie. Hierdie is jou roeping, jou verkiesing wat alles aan jou deur God deur middel van Jesus, gegee was. Watter voorreg, watter hoop het ons nie! Met alles in ag geneem, hoekom verdof alle ander dinge wanneer dit met hierdie groot belofte vergelyk word? Hoekom sal dit die grootste tragedie van alle tragedies wees om toe te laat dat sonde, die eie-ek en vleeslike dinge, dit wat Jesus aan jou belof het, van jou weg te hou?

Verborgenhede

“Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die Here. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes.” (Jes. 55:8, 9)

Lees Romeine 9:17–24. Met verwysing na wat ons sover gelees het, hoe moet ons Paulus se punt hier verstaan?

God se handeling met Egipte tydens die Uittog, was deel van die plan van verlossing vir die mensdom. God se openbaring van Homself deur die plaë wat Egipte getref het en die daaropvolgende bevryding van Sy volk, was so beplan om aan die Egiptenare, en ook aan die ander nasies, te toon dat Israel se God die ware God was. Dit was so ontwerp om as uitnodiging te kon dien vir die mense van al die nasies, sodat hulle van hulle gode sou afgesien het om Hom te aanbid.

Klaarblyklik het Farao alreeds sy keuse teen God gemaak, en daarom het God, deur Farao se hart te verhard, hom nie die geleentheid ontnem om gered te kon word nie. Sy verharding was teen die versoek om Israel te laat trek, nie teen God se uitnodiging om persoonlike verlossing te aanvaar nie. Christus het ook vir Farao gesterf, net soos vir Moses en Aäron, en die res van die kinders van Israel.

Die belangrike punt hier is dat ons as gevalle mense so ‘n bekrompe idee van die wêreld, van die werklikheid, en van God en hoe Hy in die wêreld werk, het. Hoe kan ons verwag om al God se weë te verstaan terwyl die natuur om ons, oral waar ons kyk, verborgenhede het wat ons nie kan verstaan nie? Per slot van rekening, dit was eers gedurende die laaste 171 jaar wat dokters geleer het om hulle hande te was voordat hulle opereer! Dit is hoe ons in onkunde versonke was. En wie weet, as tyd dit sou toelaat, watter ander dinge sal ons in die toekoms ontdek wat ons moderne onkunde op die lappe sou bring?

Ons verstaan definitief nie altyd God se weë nie, maar Jesus het gekom om aan ons te toon hoe God is (Joh. 14:9). Hoekom dan, te midde van die lewe se verborgenhede en onverwagte gebeurtenisse, is dit so uiters belangrik vir ons om oor die karakter van Christus te mediteer en wat Hy aan ons openbaar het oor God en Sy liefde vir ons? Deur meer te weet van God se karakter, hoe kan dit ons help om getrou te bly te midde van beproewinge wat so onregverdig en so onredelik blyk te wees?

Ammi: “My volk”

In Romeine 9:25 haal Paulus Hoséa 2:23 aan, en in Romeine 9:26 haal hy Hoséa 1:10 aan. Die agtergrond is dat God Hoséa aangesê het om “’n hoervrou” te neem (*Hos. 1:2*) om sodoende God se verhouding met Israel te illustreer, want die nasie het agter vreemde gode aangeloop. Die kinders wat uit hierdie huwelik gebore was se name het God se verwerping van ontroue Israel en hulle straf aangedui. Die derde kind was Lo-Ammi (*Hos. 1:9*) wat letterlik beteken het “want julle is nie my volk nie” (*Hos. 1:9*). Tog, te midde hiervan, het Hoséa voorspel dat die dag sou kom dat, nadat God sy volk gestraf het, Hy hulle rykdom sou herstel, hulle valse gode sou wegneem, en ‘n nuwe verbond met hulle sou sluit. (Sien Hoséa 2:11–19.) Dan sou hulle wat Lo-Ammi was, Ammi, “my volk”, word.”

In Paulus se dae was die Ammi “ons . . . [wat] nie alleen uit die Jode nie, maar ook uit die heidene [was]” (*Rom. 9:24*). Wat ‘n duidelike en kragtige aanbieding van die evangelie is dit nie, ‘n evangelie wat van die begin af vir die hele wêreld bedoel was. Geen wonder dat ons as Adventiste ‘n gedeelte van ons roeping uit Openbaring 14:6 neem nie: “En ek het ‘n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met ‘n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke”. Vandag, soos in Paulus se dae, en soos in die dae van antieke Israel, moet die goeie nuus van verlossing deur die hele wêreld versprei word.

Lees Romeine 9:25–29. Let op hoeveel keer Paulus die Ou Testament aanhaal om sy punt oor die dinge wat gedurende sy tyd gebeur het, tuis te bring. Wat is die basiese boodskap wat in hierdie gedeelte gevind word? Watter hoop word hier aan sy lesers gebied?

Die feit dat sommige van Paulus se volksgenote die uitnodiging van die evangeliebodskap verwerp het, het hom “groot droefheid” en “onophoudelike smart” in sy hart gegee (*Rom. 9:2*). Maar daar was ten minste ‘n oorblyfsel oor. God se beloftes misluk nie, selfs wanneer die mens misluk. Die hoop wat ons kan hê, is dat aan die einde God se beloftes vervul sal word, en as ons daardie beloftes vir onself toe-eien, sal hulle ook in ons vervul word.

Hoe dikwels het mense jou al teleurgestel? Hoe dikwels het jy jouself en andere teleurgestel? Heelwaarskynlik meer kere as wat jy kan tel, nie waar nie? Watter lesse kan jy uit hierdie mislukkings leer oor waarop jou volkome vertroue gemik moet wees?

Om te struikel

“Wat sal ons dan sê? Dat die heidene, wat die geregtigheid nie nagejaag het nie, die geregtigheid verkry het, naamlik die geregtigheid wat uit die geloof is; terwyl Israel, wat die wet van die geregtigheid nagejaag het, die wet van die geregtigheid nie bereik het nie. Waarom? Omdat dit nie uit die geloof was nie . . .” (*Rom. 9:30–32*). Wat is die boodskap hier, en, wat meer belangrik is, hoe kan ons hierdie boodskap wat gedurende ‘n sekere tyd en plek geskryf was, se beginsels op onself vandag toepas? Hoe kan ons vermy om dieselfde foute vandag te maak wat die Israeliete in hulle tyd gemaak het?

In woorde wat nie verkeerd verstaan kan word nie, verduidelik Paulus aan sy volksgenote hoekom hulle nie kry wat God so graag wil hê hulle moet ontvang nie – en nog meer, dit wat hulle eintlik najaag, maar nie vind nie. Wat interessant is, is dat die heidene wat deur God aanvaar was, nie eers daarna gestreef het om aanvaar te word nie. Hulle was besig met hulle eie belange en doelwitte toe die evangelie- boodskap hulle bereik het. Toe hulle die waarde daarvan ingesien het, het hulle dit aanvaar. God het hulle regverdig verklaar, want hulle het Jesus Christus as hulle plaasvervanger aanvaar. Dit was ‘n geloofsonderhandeling.

Die probleem met die Israeliete was dat hulle gestruikel het by die “rots van struikeling” (*sien Romeine 9:33*). Sommige, nie almal nie (*sien Handeling 2:41*), het geweier om Jesus van Násaret as die Messias wat deur God gestuur was, te aanvaar. Hy het nie aan hulle verwagtinge van ‘n Messias voldoen nie; daarom het hulle hul rûe op Hom gedraai toe Hy gekom het. Voor hierdie hoofstuk eindig, haal Paulus ‘n ander teksvers uit die Ou Testament aan: “Soos geskrywe is: Kyk, Ek lê in Sion ‘n steen van aanstoot en ‘n rots van struikeling; en elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie” (*Rom. 9:33*). In hierdie gedeelte toon hy weer hoe uiters belangrik ware geloof in die plan van verlossing is (*sien ook I Pet. 2:6–8*). ‘n Rots van struikeling? En tog, elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie? Ja, vir baie is Jesus ‘n struikelblok, maar vir hulle wat Hom ken en Hom liefhet, is Hy ‘n ander tipe rots, “die rots van my heil” (*Ps. 89:27*).

Het jy al ooit Jesus as ‘n “struikelblok” of ‘n “steen van aanstoot” ondervind? Indien jy het, hoekom? Dit wil sê, wat was jy besig om te doen wat jou in hierdie situasie laat beland het? Hoe het jy daaruit ontsnap en wat het jy geleer sodat jy hopelik nooit weer jouself in daardie tipe situasie sal bevind nie, of dat jou verhouding teenstrydig met Jesus sal wees nie?

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White, “Latere Engelse Hervormers,” bl. 245-247, in *Die Groot Stryd*; “*Faith and Works*,” bl. 530-531, in *The SDA Encyclopedia*; Ellen G. White Comments, bl. 1099-1100, in *The SDA Bible Commentary*, vol. 1. “Daar is ‘n verkiesing van individue en ‘n volk, die enigste verkiesing wat in die Woord van God gevind word waar die mens verkies is om gered te word. Baie het na die toekoms gekyk en gedink dat hulle verkies is tot hemelse saligheid; maar dit is nie die verkiesing wat die Bybel openbaar nie. Die mens is verkies om sy eie saligheid met vrees en bewing uit te werk. Hy is verkies om die wapenrusting aan te trek, om in die stryd van geloof te veg. Hy is verkies om dit wat God binne sy bereik geplaas het, te gebruik om oorlog te voer teen elke onheilige en vleeslike begeerte, terwyl Satan besig is om met die siel se lewe te dobbel. Hy is verkies om te waak in gebed, om die Skrif te ondersoek, en om nie toe te gee aan versoeking nie. Hy is verkies om gedurig geloof te beoefen. Hy is verkies om gehoorsaam te wees aan elke woord wat van die mond van God uitgaan dat hy nie net ‘n hoorder van die Woord sal wees nie, maar ook ‘n dader van die Woord. Dit is die Bybelse verkiesing” — Ellen G. White, *Testimonies to Ministers and Gospel Workers*, bl. 453-454, (vrye vertaling). “Geen beperkte verstand kan ten volle die karakter van die werke van die Oneindige begryp nie. Ons kan nie die dieptes van God peil nie. Vir die sterkste en mees ontwikkelde verstande, sowel as vir die swakste en onkundigste, moet daardie heilige Wese in verborgenheid gehul bly. Maar al is ‘wolke en donkerheid . . . rondom Hom; geregtigheid en reg is die grondslag van sy troon’ Psalm 97:2. Ons kan Sy handelwyse teenoor ons in die mate begryp dat ons grenslose genade met oneindige krag verenig sien. Ons kan soveel van Sy voorneme vir ons begryp as wat ons in staat is om te verstaan; verder as dit kan ons nog die almagtige hand, die hart vol liefde vertrou.” — Ellen G. White, *Opvoeding*, bl. 169.

Vrae vir bespreking:

1. Sekere Christene leer dat selfs nog voordat ons gebore was, God sommige gekies het om gered te word en sommige om verlore te gaan. Indien jy een van diegene was wat God, in Sy oneindige liefde en wysheid, voorafbeskik het om verlore te gaan, dan maak jou keuses geen saak nie, jy is op pad na die verderf – om, soos baie mense glo, vir ewig in die hel te brand. Met ander woorde, sonder ons keuse, net deur God se voorbeskikking, is sommige gekies om sonder ‘n verlossingsverhouding met Jesus hier op aarde te leef net om daarna vir ewig in die vuur van die hel te brand. Wat is verkeerd met hierdie prentjie? Hoe verskil hierdie siening met wat ons van dieselfde vraagstuk verstaan?
2. Hoe sien jy die Sewendedag-Adventiste Kerk en sy roeping in vandag se wêreld in vergelyking met die rol wat antieke Israel gespeel het in hulle tyd? Wat is die ooreenkomste en die verskille? Op watter maniere doen ons beter? Of slegter? Verdedig jou antwoord.

